

7 Junie - JAAR

Skrifgedeelte: 2 Petrus 3:1-15

Fokusgedeelte: 2 Petrus 3:8

Dit is nou maar so dat elke mens een of ander vorm van 'n toekomsverwagting het. 'n Eenvoudige voorbeeld is dat jou verwagting van môre se temperatuur (soos wat die weervoorspellers dit voorhou) vandag reeds jou gedagtes lei om te beplan wat jy gaan aantrek.

Die gelowiges aan wie Petrus skryf, het skynbaar moedeloos gebly, omdat God se beloftes oor die wederkoms nie vervul word nie. Maar in vers 8 verduidelik Petrus dat menslike berekeninge onvanpas is by die tydsberekening van God se optrede – 'n dag en 'n duisend jaar is vir God dieselfde.

Menslike berekeninge van die wederkoms is daarom onmoontlik. Ons kan alleen maar gelowig leef in die verwagting dat God tog sal laat gebeur wat Hy beloof het. Hy sal dit laat gebeur op sy tyd, nie volgens ons grille en giere in ons aardse tydsomstandighede, soos bereken volgens menslike tydskaal nie.

Soos wat Jesus Christus in die verlede op die bestemde tyd gekom het, sal sy wederkoms weer op die regte tyd (God se tyd) wees, tot redding van almal wat in Hom glo en Hom afwag met geloofsvolharding. Daarom moet ons, in die jare wat God ons in hierdie lewe laat leef (die jare wat God ons gee) ons lewe inkleef deur ons toekomsverwagting van Jesus Christus wat weer sal kom.

Sing: Psalm 90:1 (1936-beryming)

Dr SP van der Walt (Benoni)